


KAMBRO

**‘n geskiedenis storie in ligte trant**

## Met toestemming van Francois Stemmet is die skrywersverhale wat aan Montagu en distrik gekoppel is, uit sy boek Kambro onttrek

### Hansie skraap vir Pa (Ashton)

Ma het ‘n hanslam grootgemaak. Nou nie oor sy wou nie, maar oor sy moes. Sy sou nooit uit eie keuse soiets doen nie, nie omdat sy nie lief was vir diere nie, nee sy het ‘n hele paar diere gehad. Nee, dit was net omdat sy so vrek besig was. Ek meen, afgesien van ons ses kinders was daar nog die melkery wat sy moes behartig en glo jy vir my, net as sy met ‘n werkie begin, dan staan daar iemand voor die deur met ‘n emmertjie.

Die plaas was so ongeveer ‘n kilometer van die lokasie af en die melkery was ‘n handige inkomstetjie om die kontantvloei aan die gang te hou. En niemand het daarvan geweet nie…ek meen nou dat daar geld inkom nie. Maar jy kan vir my glo, ‘n randjie hier, sewentig sent daar, een rand vyftig en so aan en aan die einde van die dag het jy ‘n aansienlike bedraggie bymekaar.

Maar die skaaplam het Ma se hart diep geraak. Die oggend kom Pa by die huis aan met die pasgebore lammetjie in sy hande.

“Vrou ons moet dan kyk wat ons kan doen, die ooi is vrek met die lam se geboorte.”

Ek kon nooit uitwerk wat ‘ons moet dan kyk wat ons kan doen,’ beteken nie. En Pa het dit gereeld gesê. Maar dis Ma wat moes kyk wat sy kon doen, nie hy nie. Maar aan die ander kant, hy het gewerk dat dit bars.

Elk geval, ma vat toe die ou lammetjie, sit hom op ‘n handdoek in ‘n boks en sit die boks naby die *Welcome Dover*, dat die ou dingetjie kan warm bly. Maar nou’s hy mos dors van al die gebore word en alles. Sy moes ‘n plan maak om vir hom ‘n tietiebottel te prakseer. Die was nie te moeilik nie, maar beesmelk sal mos nou heeltemal te sterk wees. Daarmee het sy ook ‘n plan gemaak. Sy het dit so vyftig-vyftig met water gemeng. Amper soos die melk wat ons deesdae in die winkels koop. As dit dan te flou was, dan sou sy maar net die mengsel sterker maak. Ieder geval, sy het gespook en gespartel om die ou lammetjie deur te haal en sy’t dit reggekry.

Kyk, Ma se idee was nie om die skaaplam te hou nie. Hoe, het sy nie geweet nie, maar hy sou een of ander tyd moes terug trop toe. Maar sy het nie rekening gehou met die lam nie. Hy het haar gevolg net waar sy gaan. Die ander ding was ‘n naam en dis nog iets waaraan sy nie gedink het nie. Ek meen, jy gee mos nie ‘n skaap ‘n naam nie. Sy naam is skaap en klaar. Maar my susters was nie daarmee tevrede nie.

“Ag, noem hom Hanslam,” het Ma gesê.

So gesê, so gedaan, maar Hanslam het later Hansie geword en Hansie het later grootgeword en bedonnerd. Hy’t ons seuns se gatte blou gestamp, maar die meisiekinders met rus gelaat. Eerder gaan staan dat hulle sy kop krap en onder sy keel…gmf, ek sou eerder die blerrie ding se keel afsny.

Maar om ‘n lang storie kort te maak, Hansie het later so vol stront geraak dat hy nie meer by die huis kon bly nie. Hy het nie ‘n besoeker ontsien nie. Een ou se kar behoorlik opgeneuk. So ‘n blink-nuwe Buick…en toe sien die skaap sy eie weerkaatsing in die kar se deur en bestorm die skaap wat dan nou vir hom staan en krom nekkie maak.

Nee, toe’s Pa se geduld op. Ek meen om darem jou eie huis met ‘n houtpaal in die hande te nader omdat jou vrou se troetel skaaplammetjie jou in jou moer in stamp, is erg genoeg, maar om dan nog te moet betaal vir die skaap se manewales ook? Nee, toe hy daardie ou se kar so opneuk, toe het hy te ver gegaan. Terug trop toe! En was Hansie die moer in daaroor? Nee kyk, hy kon nie verstaan hoekom hy moes terug trop toe nie. Hy was mos ‘n mens.

Maar as julle dit nie wil glo nie, dan was hy op die ergste ‘n hond, maar nie ‘n skaap wat met ander skape saam in die veld wei nie. En Hansie het geweet dit was Pa wat hom trop toe verban het en hy’t nou behoorlik sy mes vir Pa in gehad.

Nouja, hy’t nie ‘n ander keuse gehad nie, hy moes maar gewoond raak aan die idee. Ek dink hoekom hy wel die ding aanvaar het, is die ooie. Hy’t nou wragtag gebaljaar onder die spul jong ooitjies…maar nou het Hansie ‘n gewoonte ontwikkel om eers vir Ma te kom groet as die trop by die huis verbygejaag word. Hy was baie lief vir brood en as die trop by die huis verbygaan dan gaan Hansie eers agterdeur toe, klop behoorlik met sy poot aan die deur en wag ‘n rukkie. Ma het ‘n paar keer gemaak of sy nie die geklop hoor nie, maar dan hou hy net aan en aan tot sy oopmaak. Ek meen, hy weet mos sy’s daar binne. Dan sê hy “Mê!” en dan kry hy sy brood. Twee dik snye brood wat sy moet staan en breek in kleiner stukkies wat hy gemaklik kan vreet. En moenie dink hy was haastig nie. Nee, jy kon sweer die blerrie skaap is *spiteful*. Veral as Pa in die omgewing is. Dan is hy behoorlik moedswillig. Staan en kou asof hy die heel dag tyd het. En laat Pa nou net iets sê, dan laat sak Hansie net sy kop en Pa bly stil. Ek het altyd gewens dit kon so met my gewerk het maar ek het geweet, teen die tyd dat ek my kop laat sak het, dan het ek al klaar op my moer gekry.

Man, die een oggend moes die skape weer by die huis verbykom na die onderste land toe by die dam. Pa het beneuk opgestaan en Hansie was ook vol nukke. Seker die wind wat die twee aangetas het, maar toe die trop die huis nader, dwaal Hansie af, agterdeur toe. Hy klop oudergewoonte en ma maak oop.

“Hallo my Hansie-skat”, groet Ma hom en Hansie antwoord

“Mê!” Pa staan op ‘n veilige afstand en brom onderlangs.

“Mê se moer man, vreet jou brood en kom.”

Maar Hansie het hom gehoor. Hy kyk hom so skuins en brom onderlangs asof hy wou sê *Watch it* en tydsaam vreet hy sy brood op, lek sy lippe af en sê eers behoorlik dankie soos dit

‘n opgevoede skaap betaam en draai dan om soos ‘n wafferse jintelman en stap…let wel, stap, op sy tyd terug trop toe, Díe het intussen *bored* geraak en Ma se blomtuin begin opvreet. Dit alles het Pa behoorlik laat *snap* en hy bestorm vir Hansie met die stuk paal in sy hande. Hansie sien dit en spring kortom met sy kop baie laag. Pa sien hier kom ‘n ding.

“Jou bliksem!” skree hy en begin hardloop. Al om die huis.

Nou kyk, as jy ‘n kind is en jy hardloop, dan is dit nie snaaks nie, maar as jy skuins oor die vyftig trek dan is hardloop so ‘n onwaardige aksie, veral as jy deur ‘n bedonnerde skaapram gejaag word en hy is besig om in  te haal op jou. Teen die tyd dat hulle die tweede keer om die hoek kom, besef  Pa hy gaan sy gat sien en hy kyk rond vir wegkomkans. Daar is omtrent dertig stoeptrappe na die voorstoep toe en Pa vat die *gap*. Toe hy bo kom dag hy hy sal nou kan gaan staan, maar Hansie het ander planne. Hy kom jou wragtag daai spul trappe so dwars-dwars opgespring, maar opgee sal hy nie. Pa kan nie glo wat hy sien nie en sit die stuk in oor die gladde stoep. Hansie agterna. Hy gly soos ‘n ysskaatser op die Cobra *polish* en Pa besef hy hardloop homself nou in ‘n hoek in. Ek meen, enige stoep het ‘n einde. Tot Pa se geluk is die stoepmuurtjie ‘n bietjie hoog vir Hansie. Nou, net langs die stoep, so ‘n meter ver was daar ‘n watertenk van beton en Pa spring flink oor die muurtjie op die watertenk. Hansie steek by die muurtjie vas, met sy kop gelyk met die bokant van die muurtjie. En hy staan behoorlik met Pa en praat met allerhande onskaaplike geluide. Aan die ander kant van die stoepmuurtjie staan Pa hom in grieks en terug antwoord. Skietstilstand…dis wat hulle dit noem, maar Hansie *move* nie. Ma moes hom met fynkossies kom weglok dat Pa in die huis kon kom. Onnodig om te sê, Hansie se dae was getel. Pa het hom sonder om dit met Ma te bespreek aan iemand verkoop. Nouja, ek weet nie wat hy alles dáar aangevang het nie, maar as die ou te veel gesukkel het met die skaap…dit was in elk geval amper krismis.

--oOo--